

29 Desember

Skrifgedeelte: Handeling 14:21-28
Fokusgedeelte: Handeling 14:22

Bly getrou in verdrukking!

Nadat hulle die evangelie in Derbe verkondig het (vs 21), sien ons dat Paulus en Barnabas weer op hulle spore terugkeer. Hulle besoek Listra, Ikonium en Antiogië met die doel om die gelowiges, omring deur 'n see van heidendom, geestelik te versterk en aan te moedig om in die geloof te volhard (vs 22).

Die gelowiges word aangespoor om te volhard, want verdrukking is 'n werklikheid vir elke kind van God! Dis onlosmaaklik aan egte Christenskap verbind! Waarom ly kinders van God? Antwoord: Ons is alreeds deel van die Koninkryk van God, wat ander norme en waardes het as die koninkryk van Satan! Ons pas nie meer in hierdie bedeling nie! Bkering neem ons nie weg uit die wêreld nie, maar plaas ons in 'n staat van konflik met die wêreld! Ons lyding as Christene is in 'n sin 'n voortsetting van Christus se lyding in hierdie wêreld! Soos Christus verwerp is, word ons ook verwerp en uitgestoot.

As Christene bevind ons onself in 'n oorgangsfase en 'n paradoks: kind van God, maar nog steeds 'n sondaar! 'n Erfgenaam van die nuwe bedeling, maar nog steeds 'n inwoner van die huidige bedeling. Ons besit die ewige lewe, maar is nou nog steeds onderworpe aan siekte en dood tot Jesus weer kom! Die ALREEDS en die NOG NIE! Kinders van God is alreeds burgers van 'n nuwe Koninkryk, alreeds volkome vrygespreek, maar nog nie in heerlijkheid nie, nog nie volmaak en sonder sonde en stryd en verdrukking nie.

Die oorwinning van Christus is 'n werklikheid, want Hy het die wêreld oorwin. Maar totdat weer Hy kom, sal ons verdrukking hê! Die verdrukke Christene moet weet, selfs al word hulle doodgemaak, is Jesus die Een wat alle sê en mag het oor lewe en dood! Jesus, ons Verlosser, het alle mag, daarom kan ons vreesloos in verdrukking volhard! Bly dus getrou in verdrukking!

Sing: Psalm 116-2:5 (2001)

Dr. D (De Wet) Saaiman (Krugersdorp)